Beestelersgenootskap • Cattle Breeders' Society
Suidelike Afrika • Southern Africa

1 Genius Loci Office Park • 6 CP Hoogenhout Street
Langenhoven Park • Bloemfontein
PO Box 3868 • Bloemfontein • 9300
Tel: +27 (0) 51 446 0580/2 • Fax: +27 (0) 51 446 0455
E-mail: info@simmentaler.org
www.simmentaler.org • www.simbra.org

27 Januarie 2010

Geagte adverteerder

Die Simbra Joernaal word deur die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika saamgestel en uitgestuur aan lede van die Genootskap, kommersiële boere en ander rolspelers in die bedryf. Die Simbra Joernaal word versprei by alle skoue, kursusse, veilings en boeredae waarby die Genootskap betrokke is, in Suid-Afrika sowel as in Namibia. Die Simbra Joernaal 2010 sal ook beskikbaar wees tydens Nampo by die Simbra uitstalling.

Distribusie

Oplaag :	1 500
Frekwensie :	Een maal per jaar
Formaat :	A4, volkleur, Mongani gloss wit 115gsm – binneblad, Mongani wit 250gsm matt gelamineer- buiteblad, saalkram en vasgeryg - Pony binding
Bladsye :	148 bladsye plus omslag
Nie-lede :	63.33% (Kommersiële boere, ander rolspelers)
Lede :	36.67% (Simbra en Simmentaler lede)

Redaksionele beleid

Met die publikasies van die Genootskap word daarna gestreef om vleisbeesboere en rolspelers te bemagtig deur die publikasie van navorsingsresultate, nuus rakende die bedryf en uitstekende artikels omtrent tegniese en bestuursaspekte.

Die doel van die Simbra Joernaal is :

- Om as kommunikasie-middel te dien tussen die Genootskap en sy lede, kommersiële boere en ander rolspelers in die bedryf;
- Om te dien as primêre bron van inligting aan ons lede wat betref nuwe tegnologie en ontwikkeling;
- Om as nasionale en internasionale platvorm te dien waar ons lede hulle kuddes en veilings kan adverteer en bemark;
- Om die kommersiële boer en potensiële lid van die Genootskap in te lig ten opsigte van die voordele van lidmaatskap en die waarde wat die Simbra as ras kan toevoeg tot sy boerdery.

Advertensieontwerp

Indien u nie advertensie-materiaal beskikbaar het nie, kan die Genootskap genader word om die ontwerp van die advertensie namens u te hanteer, sonder enige addsionele kostes. Slegs wanneer adverteerders 100% tevrede is met hulle advertensie en die advertensie skriftelik afgeteken het by die Genootskap, sal die advertensie gepubliseer word.

Advertensiekostes

Volblad volkleur	R1950 + BTW	Vir lede van die Genootskap
	R2750 + BTW	Vir Nie-lede
Halfblad volkleur	R1550 + BTW	Vir lede van die Genootskap
	R1900 + BTW	Vir Nie-lede
DPS (Binne-voorblad en bladsy 1)	R5450 + BTW	Lede en Nie-lede
Volkleur bladsy 3	R2750 + BTW	Lede en Nie-lede
Binne-agterblad	R2500 + BTW	Vir lede van die Genootskap
	R3175 + BTW	Vir Nie-lede

Skedule vir 2010 Simbra Joernaal

Bespreek advertensies spasie	12 Februarie 2010
Materiaal vir optrek van advertensie by kantoor indien die Genootskap die advertensie moet ontwerp	22 Februarie 2010
Voltooide advertense by kantoor indien die advertensie self ontwerp word	1 Maart 2010
Finale advertensies by kantoor en afgeteken	1 April 2010
Joernaal na drukkers	10 Mei 2010
Pos en distribusie	17 Mei 2010

Tegniese data ten opsigte van advertensies

Indien nie van die Genootskap se diens gebruik gemaak word vir die ontwerp van die advertensie nie, kan die volgende spesifikasies aan die ontwerper vir die optrek van die advertensie voorsien word :

A4: 297mm x 210mm. (“Potrait”) Bleed: 303mm x 216mm

A5 : 148.5mm x 210mm (“Landscape”) Bleed: 153.5mm x 216mm

Indien die kantoor die advertensie namens u gaan optrek, word u versoek om volledige inligting, beskrywings en foto’s aan ons deur te gee.

Stuur as PDF of JPEG 300 dpi. **Geen foto’s in ‘*word*’-formaat nie asseblief.**

Kontak Belinda Putter by: 051-4460580/2 of info@simmentaler.org om vroegtydig u advertensie spasie te bespreek.

Vriendelike groete

JOHAN POTGIETER
HOOFBESTUURDER
JP/bp27012010